



education

Lefapha la Thuto
Onderwys Departement
Department of Education
NORTH WEST PROVINCE

GRAAD 12

GEMEENSKAPLIKE TAAK

**AFRIKAANS
TWEEDE ADDISIONELE TAAL**

Taak 7

Vraestel 1

DATUM: JUNIE 2018

Punte: 120

Tyd: 2½ ure

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.

AFDELING A: LEESBEGRIP (30 PUNTE)

AFDELING B: OPSOMMING (10 PUNTE)

AFDELING C: TAAL (40 PUNTE)

AFDELING D: LETTERKUNDE (40 PUNTE)

2. Beantwoord AL die vrae.

3. Begin elke afdeling op 'n NUWE bladsy.

4. Trek 'n lyn na elke Afdeling.

5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

6. Laat 'n reël oop na elke antwoord.

7. Gee spesiale aandag aan spelling en sinskonstruksies.

8. Voorgestelde tye:

AFDELING A: 50 minute


AFDELING B: 30 minute

AFDELING C: 40 minute

AFDELING D: 30 minute

9. Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A – LEESBEGRIP**VRAAG 1 – LEES DIE LEESSTUK HIERONDER EN BEANTWOORD DIE VRAE****TEKS A: LEESTEKS****Lemoene**

- 1 Dit gebeur elke winter – talle mense loop met loopneuse, waterige oë, dik koppe en geswolle kele rond. Want dan is griep en verkoues met al hul komplikasies in die lug.
 - 2 Gelukkig is die winter ook die tyd van die jaar wanneer daar baie lemoene en nartjies is. Sitrusvrugte bevat baie minerale en vitamene, veral vitamene C, wat as die beste medisyne teen die kwale van die winter beskou word.
 - 3 Sitrusbome kom oorspronklik van Suid-Asië. Die Chinese was die eerste wat lemoenbome geplant het, meer as 4 000 jaar gelede. Sitrusbome is die eerste keer in 1654 in Suid-Afrika geplant. Die bome het van die eiland St. Helena gekom. In daardie dae was die vrugte maar klein en swak.
- 
- 4 Sitrusvrugte is vrugte aan bome en struike. Daar is baie soorte sitrusvrugte soos lemoene, nartjies, suurlemoene en koemkwatte. Sitrusbome is doringrig met lang, leeragtige blare en geurige bloeisels. Die vrugte verskil wel in grootte, vorm en kleur.
 - 5 Die meeste sitrusspesies kan nie groei waar daar ryp en wind is nie, met die gevolg dat hulle in die warmer klimaat gekweek kan word. Daar is miljoene sitrusbome van verskillende soorte in Suider-Afrika, wat jaarliks tonne vrugte vir plaaslike gebruik en die uitvoermark lewer. Belangrike sitrusgebiede is Mpumalanga, Kwa-Zulu-Natal en die Kaap.
 - 6 Aangesien lemoene nie ryp word nadat hulle gepluk is nie, word hulle geoes as hulle reg is om geëet te word. Koue nagte is nodig sodat die vrug heeltelmal kan verkleur.
 - 7 Lemoene word na die oes per vragmotor na die plaaslike pakhuis gebring. Hulle word eers gewas en dan met 'n swamdoder behandel om verrotting te voorkom. Daarna word die lemoene volgens gehalte en grootte gesorteer en in bokse verpak.
 - 8 Vroeër jare het die seemanne op die skepe 'n siekte genaamd skeurbuik gekry weens die gebrek aan vitamene C in hul dieet. 'n Dokter het bewys dat skeurbuik gekeer kan word deur sitrusvrugte te eet. Die Engelse het toe vir die matrose lemoene gegee om te eet.
 - 9 Sitrussappe wissel in smaak van soet, soos lemoene, tot suur, soos suurlemoene. Vrugte word meestal vars geëet, maar kan ook geblik, bevries of vir konfynt gebruik word. Party word in die vervaardiging van parfuum gebruik.

10 Sirtusvrugte is ook beroemd vir die besondere olie wat van die skille verkry word en is van groot kommersiële waarde vir Suid-Afrika.

[Verwerk uit: *Ons wonderlike wêreld - Huisgenoot*]


VRAE:

- 1.1 In watter seisoen kry die meeste mense verkoue? (1)
- 1.2 Noem TWEE simptome van verkoues. (2)
- 1.3 Watter vitamien is goeie medisyne teen verkoue? (1)
- 1.4 Gee EEN woord uit paragraaf 2 wat dieselfde beteken as **siektes**. (1)
- 1.5 Waarom dink jy was die sitrusvrugte klein en swak toe dit in 1654 in Suid-Afrika geplant is? (1)
- 1.6 Waarom is die volgende stelling ONWAAR?
Sitrusvrugte groei onder die grond. (1)
- 1.7 Gee EEN woord in paragraaf 4 wat vir ons sê dat die blomme lekker ruik. (1)
- 1.8 Noem TWEE maniere waarin die vrugte van die sitrusbome verskil. (2)
- 1.9 In watter tipe klimaat word sitrusbome gekweek? (1)
- 1.10 Kies die korrekte woord tussen hakies.
In die sin: Daar is **miljoene** sitrusbome ... beteken “miljoene” (min/baie)? (1)
- 1.11 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (1.11) en die letter (A – D) neer.
In watter maateenheid word lemoene gemeet?
A liter
B kilometer
C ton
D volt (1)
- 1.12 Waarom is die volgende stelling WAAR? Haal ‘n sin aan as bewys.
Vrugte word aan die buiteland verkoop. (1)
- 1.13 Noem TWEE gebiede waar daar hoofsaaklik met sitrusvrugte geboer word. (2)

- 1.14 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (1.14) en die letter (A – D) neer.
- In die koue nagte verkleur die lemoene na ...
- A wit
 - B oranje
 - C swart
 - D groen
- (1)
- 1.15 Waarmee word die lemoene vervoer van die boorde na die pakhuse? (1)
- 1.16 Waarom gebruik die boere swamdoders? (1)
- 1.17 Wat was die rede waarom seemanne skeurbuik gekry het? (1)
- 1.18 Waarom het die Engelse vir die matrose lemoene gegee om te eet? (1)
- 1.19 Kies die korrekte woord tussen hakies.
- Die olie van die skille is van groot kommersiële waarde.
Die olie is van groot (gewigswaarde/handelswaarde). (1)
- 1.20 Dink jy dit is vreemd dat sitrusvrugte in die maak van parfuum gebruik word? Antwoord JA of NEE en motiveer (1)

TEKS B: VISUELE TEKS

Bestudeer die teks hieronder en beantwoord die vrae.



[Verwerk uit Google]

- 1.21 Watter provinsie se vrugtebedryf word hier voorgestel? (1)
- 1.22 Watter simbool word gebruik om pere voor te stel? (1)
- 1.23 In watter gebied word net met appels en pere geboer? (1)
- 1.24 Kies die korrekte antwoord tussen hakies.

Die Klein-Karoo is die enigste van die gebiede wat met (pruime/perskes) boer. (1)

- 1.25 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (1.25) en die letter (A - D) neer.

Die doel van hierdie visuele teks is om vir ons te wys dat vrugte ...

- A verskillende eienskappe het.
- B almal dieselfde kenmerke het.
- C in sekere gebiede groei.
- D net langs hoofpaaie verbou word. (1)

- 1.26 Waarom noem ons hierdie teks 'n visuele teks? Gee EEN rede. (1)

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B: OPSOMMING

VRAAG 2: WENKE VIR VRUGTEBOERE

- Som die SEWE wenke vir vrugteboere op.
- Skryf die volsinne PUNTSGEWYS en in jou eie woorde neer.
- Nommer die volsinne van 1 tot 7.
- Jou opsomming mag nie langer as 60 woorde wees nie.
- Dui die KORREKTE getal woorde aan die einde van die opsomming aan.

- 1 Die vrugteboer moet die vrugte spuit met insekdoders om van plae en peste ontslae te raak. Die peste kan die gehalte van die vrugte beïnvloed.
- 2 Bemark die vrugte goed. Die supermarkte moet die vrugte kan verkoop terwyl hulle die heel lekkerste is. So sal die boer verseker wees van 'n inkomste.
- 3 Die boere betaal werkers om in die oestyd te help. Stel 'n goeie span seisoenwerkers aan. Flink werkers sal die vrugte vinnig pluk.
- 4 Die soort vrugte wat op sekere plekke groei, word grootliks deur daardie gebied se klimaat bepaal. 'n Boer moet die regte vrugte op die regte tyd plant. As jy die vrugtebome op die verkeerde tyd plant sal hulle nie vrugte dra nie.
- 5 Nuwe plante moet in die plek van dooie bome geplant word. Dit kan jare duur voor die boom vrugte dra. Die dooie plant dra nie meer vrugte nie.
- 6 Die vrugtebome moet gereeld gesnoei word. Die vrugte se gehalte sal dan beter wees. 'n Gesonde appelboom kan tot 30 jaar lank vrugte dra.
- 7 Sorg dat daar genoeg water vir die plante is. Jy sal nie in 'n woestyn met vrugte kan boer nie. As daar damme naby is kan die bome uit die dam besproei word.

[Verwerk uit Huisgenoot 16 Junie 2017]

TOTAAL AFDELING B: 10

AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN – KONFENSIES**VRAAG 3: ADVERTENSIE**

Lees en bestudeer die teks hieronder en beantwoord die vrae.

TEKS D

PLAASBASAAR

SATERDAG, 7 OKTOBER 2017

OM 8:00

ENDULINI
(3,5 KM WES VAN PATENSIE)

Kom eet, koop en geniet!

Plaasontbyt, Teetuin, Vleis, Groente & Vrugte, Deli,
Verversings te kus en te keur, Pret vir die kinders, Veiling 11h00, Musiek.

Ds. Barry Lordan 082-376-6054
Danie Malan 072-262-9822

KOM GENIET DIE OGGEND SAAM MET ONS!

TOEGANG GRATIS & VEILIGE PARKERING

NOOI ASSEBLIEF JOU VRIENDE EN FAMILIE SAAM!

[Google images]

- 3.1 Hoe trek die adverteerder die leser se aandag na die opskrif? (1)
- 3.2 Skryf die AFKORTING, **Ds.** in 'n woord uit. (1)
- 3.3 Gee die KORREKTE VORM van die woord tussen hakies.
Die trekker se wiele is (groot) as die wa se wiele. (1)
- 3.4 Kies die KORREKTE antwoord tussen hakies.
Die leesteken aan die einde van die sin is 'n (vraagteken/uitroepteken):
Kom eet, koop en geniet! (1)
- 3.5 Skryf EEN WOORD neer wat die adverteerder in hierdie advertensie gebruik om direk met elke leser te praat. (1)

3.6 Kies die KORREKTE WOORD tussen hakies. (1)

Die boer op die trekker lyk baie (gelukkig/ontevrede).

3.7 Skryf die hele sin in die LYDENDE VORM oor.

Die boer bestuur die trekker. (1)

3.8 Waarom pas die prent van die trekker en die koei by die advertensie? (1)

3.9 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (3.9) en die letter (A – D) neer.

Verversings te **kus en te keur**, ...

Dit beteken dat daar baie verversings is om van te ...

A spandeer.

B kies.

C soek.

D vat.

(1)

3.10 Dink jy die kinders sal ook die basaar geniet?
Antwoord JA/NEE en motiveer jou antwoord met 'n aanhaling. (1)
[10]

VRAAG 4: STROKIESPRENT

Lees en bestudeer die strokiesprent (TEKS E) hieronder en beantwoord die vrae.

TEKS E



[Google images]

- 4.1 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (4.1) en die letter (A – D) neer.
- Watter skryfteken word in die woord “hê” gebruik?
- A Deelteken
B Koppelteken
C Aksentteken
D Kappie (1)
- 4.2 Iets lekkers. (Raampie 1)
- Gebruik die woord “lekkers” in ‘n sin sodat dit ‘n ANDER BETEKENIS het. (1)
- 4.3 Maak die spelfout in die sin reg. (Raampie 2)
- Frugte en groente is gesond ... (1)
- 4.4 Skryf die sin oor in die INDIREKTE REDE. (Raampie 3)
- Ma sê: “Ek stem saam.” (1)
- 4.5 Verbind die sinne met die woord tussen hakies.
- Jeremy sit op die bank. Ma staan by die deur. (terwyl) (1)
- 4.6 Skryf die INTENSIEWE VORM van die woord tussen hakies.
- Die appels en pere is groen, dit is nog (hard). (1)
- 4.7 Kies die korrekte VOORNAAMWOORD tussen hakies.
- Jeremy sit met sy hand oor (haar/sy) mond. (1)
- 4.8 Kies die korrekte woord tussen hakies.
- Die groenteverkoper sal die groente (weeg/meet) as jy dit koop. (1)
- 4.9 Gee die korrekte SAMESTELLING van hand + sak.
- Die ma dra haar beursie in haar hand + sak. (1)
- 4.10 Hoe kan jy aflei dat die ma wil onthou wat sy moet koop in die winkel? (1)
- [10]

VRAAG 5

5.1 Lees die leesteks (TEKS F) hieronder en beantwoord die vrae.

TEKS F

Die noodsaaklikheid van bye

- 1 Kan jy jou ons wêreld sonder die gezoem van die bye voorstel (5.1.1) Baie van
2 die plante, vrugte, voëls en diere, sou glad nie kon bestaan (5.1.2) _____.
- 3 Daar is sowat (5.1.3) 20 000 soorte bye op aarde, volgens Huisgenoot van
4 15 Junie 2017. Bye speel 'n baie belangrike rol in die (5.1.5) bestuiwing van talle
5 plante, wat weer vrugte dra wat diere nodig het (5.1.6)... .. vreet.
- 6 In 'n vrugteboerdery is bye die (5.1.7) belangrik werkers. Sonder (5.1.8)
7 (hom/hulle) sou ons nie mooi, (5.1.9) (gesond/gesonde) vrugte kon verbou nie.
- 8 Bestuiwing vind (5.1.10) plaas wanneer stuifmeel van die manlike deel van die
9 plant (5.1.11) (na/onder) die vroulike deel van die plant beweeg word.
10 Insekte, vervoer die stuifmeel van een blom na die ander. (sodat) Die vrugte
11 daaruit kan groei. Soms kan die wind ook die (5.1.13) taak verrig. Die
12 stuifmeel van avokado's en (5.1.14) perske moet deur insekte vervoer word.
13 Die bye doen dit die beste.


[Verwerk uit: Ons wonderlike wêreld, Huisgenoot 15 Junie 2017]

- 5.1.1 Skryf die korrekte LEESTEKEN. (Reël 1) (1)
- 5.1.2 Vul die korrekte ontbrekende WOORD in. (Reël 2)
- Baie van die plante, vrugte, voëls en diere, sou glad nie kon bestaan (1)
- 5.1.3 Skryf die GETAL in woorde. (Reël 3) (1)
- 5.1.4 Skryf die woord neer wat met 'n HOOFLETTER geskryf moet word. (Reël 4)
- ... volgens Huisgenoot van 15 Junie 2017. (1)
- 5.1.5 Verdeel die woord "bestuiwing" in LETTERGREPE. (Reël 4)
- Bye speel 'n baie belangrike rol in die bestuiwing van talle ... (1)
- 5.1.6 Voltooi die INFINITIEF. Skryf die hele sinsdeel oor. (Reël 5)
- , wat weer vrugte dra wat diere nodig het vreet. (1)

- 5.1.7 Skryf die korrekte VORM van die woord “belangrik”. (Reël 6)
In ‘n vrugteboerdery is bye die belangrik werkers. (1)
- 5.1.8 Kies die korrekte VOORNAAMWOORD tussen hakies. (Reël 7)
Sonder (hom/hulle) sou ons nie mooi, ... (1)
- 5.1.9 Kies die KORREKTE woord tussen hakies. (Reël 7)
... , (gesond/gesonde) vrugte kon verbou nie. (1)
- 5.1.10 Gebruik die woord “plaas” (Reël 8) in ‘n sin sodat dit ‘n ANDER BETEKENIS het. (1)
- 5.1.11 Kies die korrekte VOORSETSEL tussen hakies. (Reël 9)
... deel van die plant (na/onder) die vroulike deel van die plant. (1)
- 5.1.12 VERBIND die sinne met die VOEGWOORD tussen hakies.
Insekte vervoer die stuifmeel van een blom na die ander. Die vrugte daaruit kan groei. (sodat) (1)
- 5.1.13 Gee die VERKLEININGSVORM van “taak”. (Reël 11)
Soms kan die wind ook die taak verrig. (1)
- 5.1.14 Gee die MEERVOUD van “perske”. (Reël 12)
Die suifmeel van avokado’s en perske moet deur insekte ... (1)

5.2 Bestudeer die prent (TEKS G) hieronder en beantwoord die vrae.

TEKS G



[Verwerk: Google]

Kies telkens die korrekte antwoord tussen hakies.

- 5.2.1 Die deur is (oop/toe) as die vrugte begin oefen. (1)
- 5.2.2 Die pynappel lê op sy (rig/rug). (1)
- 5.2.3 Die piesang (skryf/skrif) op die boek. (1)
- 5.2.4 Die appel lyk (bekommerd/gelukkig) omdat hy onfiks is. (1)
- 5.2.5 Die aarbeie oefen so (hard/hart) dat die sweet spat. (1)
- 5.2.6 Die piesang staan (agter/voor) die toonbank om die lede in te skryf. (1)

TOTAAL AFDELING C: [20] 40

AFDELING D: LETTERKUNDE**VRAAG 6. KINDERS VAN DIE AARDE – Charles Freyer****VERHAAL A: “DIE TONGBLAAR” (20) EN****VERHAAL B: “ ‘N MAN KOM TUIS” (20)**

Beantwoord die vrae oor ALTWEE die verhale.

VERHAAL A: “DIE TONGBLAAR” – Pirow Bekker

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

TEKS H

“Moet ons jou dokter toe vat?” Daarby is daar die vooruitsig van die ongewilde skeikunde-periode direk na pouse te laat glip.

Wynand laat sy antwoord soos ‘n rugbybal ‘n rukkie hang. Dan staan hy op en slaan Klaas se vooruitsig die nek in: “Nee wat, ek sal sommer ou Katlagter iets vra”.

5

“Ek weet kondieskristels is goed. Ek sal ou Katlagter ‘n paar kristalle vra.”
Nog vol stof kom hulle by die skool aan.

Die eerste wat hulle raakloop, is Spikkels wat ook net haar fiets onder die sipresbome gebêre het.

- 6.1 Waarom wou Klaas vir Wynand dokter toe vat nadat die by hom gesteek het? (1)
- 6.2 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (6.2) en die letter (A – D) neer.
- “Wynand laat sy antwoord soos ‘n rugbybal ‘n rukkie hang” is ‘n voorbeeld van ...
- A ‘n metafoor.
B personifikasie.
C ‘n vergelyking.
D kontras. (1)
- 6.3 Hoekom het Wynand nie van Elsie se bynaam, “Spikkels”, gehou nie? (1)
- 6.4 Wanneer het Wynand se gevoelens vir Elsie begin verander? (1)

- 6.5 Kies die inligting in KOLOM B wat by die karakter in KOLOM A pas. Skryf net die vraagnommer (6.5.1 – 6.5.4) en die letter (A – E) neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|-----------------|--|
| 6.5.1 Wynand | A ... se kennis het handig te pas gekom. |
| 6.5.2 Elsie | B ... het gesê 'n agterna dankie help niks. |
| 6.5.3 Klaas | C ... se aandag is deur die brandpyn afgetrek |
| 6.5.4 Katlagter | D ... het ander geleer om kalm en presies in die laboratorium te werk. |
| | E ... het nie dadelik besef dat daar iets fout was nie. |

(4 x 1) (4)

- 6.6 Noem TWEE probleme wat Wynand gehad het toe hy vir Elsie 'n seëlingetjie wou koop. (1)

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

TEKS I

Dit lyk na 'n ewigheid om af te wag. Tog is die dag nie heeltemal sonder tinteling nie. Die blaar het iets van 'n raaisel geword.
Maar veral is hy bly dat hy dit so lig, so onopvallend kon aanvaar. Dit maak die eintlike doel makliker bereikbaar.
Hiervan skram sy gedagtes egter nog weg. 5
Daar is soveel dinge wat verkeerd kan loop. Bou hy dalk te veel op die blaar?

- 6.7 Lees weer die uittreksel hierbo.

Wat kan ons oor Wynand se gevoelens in reël 5-6 aflei? (1)

- 6.8 Voltooi die volgende sin deur 'n woord in die lys hieronder te gebruik. Skryf net die vraagnommer (6.8) en die ontbrekende woord neer.

opgewonde; aggresief; geïrriteerd

Wynand het ... geraak omdat Klaas hom nooit alleen gelos het nie. (1)

- 6.9 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (6.9) en die letter (A - D) neer.

Wynand het nooit sy plan om Elsie se vinger te meet, uitgevoer nie omdat ...

- A die tongblaar pap en leweloos was.
- B sy nie van die tongblaar gehou het nie. (1)
- C hy nie vir haar die tongblaar gewys het nie.
- D hy nie die oomblik tussen hulle wou bederf nie.

6.10 Skryf die volgende vier insidente onder mekaar oor in die VOLGORDE soos wat dit in die verhaal gebeur:

- Elsie het gekyk hoe Wynand die tongblaar geknak het.
- Wynand het vir Elsie gesê om diemiddag by haar fiets te wag.
- Elsie het gesê dat die tongblaar baie mooi was.
- Wynand het die stukkie papier van die tongblaar losgemaak. (4)

6.11 Wynand wou vir Elsie die tongblaar wys omdat dit 'n mooi plant is.

Sê waarom hierdie stelling ONWAAR is. (1)

6.12 Waarom, dink jy, sou dit beter gewees het as Wynand vir Elsie gesê het hoe hy oor haar gevoel het? (1)

6.13 Aan die einde van die verhaal het Wynand op sy fiets gespring en hom getrap dat die speke soos snare in die wind sing.

Hoe, dink jy, was Wynand en Elsie hierna teenoor mekaar? (1)

EN

VERHAAL B: “ ‘N MAN KOM TUIS” – Chris Barnard

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

TEKS J

Die nomadiese kampele bodder hom ook nie. “Ag, dis partykeer ongerieflik,” gee hy teensinnig toe, “maar daar is baie voordele.”

Dit word vir my duidelik, terwyl hy gesels: hierdie man sal jy nie maklik onderkry nie.

Die son was aan die sak toe ons die dorp nader waar hy moes afklim. Daar was 5
nog grys reënbanke wes van ons, maar óm ons het die bulte kalm gelê en stowe in die geel middag.

My passasier het begin stiller raak. Maar ek kon sien hy is opgewonde ...
“Die kar loop lekker vinnig,” sê hy. “Ek gaan vroeg daar wees”.

- 6.14 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (6.14) en die letter (A - D) neer.

Gouws het 'n **nomadiese kampele** gehad. Dit beteken dat hy ...

- A gereeld oor naweke gaan kamp het.
 B daarvan gehou het om in tente te slaap.
 C van plek tot plek agter sy werk aangetrek het.
 D onder die sterre geslaap het as hy gekamp het. (1)
- 6.15 Watter voordeel het Gouws se nomadiese kampele vir hom gehad? (1)
- 6.16 Op watter dorp moes Gouws afklim? (1)
- 6.17 Noem TWEE dinge wat vir die verteller gewys het dat Gouws opgewonde was om by die huis te kom. (1)
- 6.18 Voltooi die volgende sin deur 'n woord in die lys hieronder te gebruik. Skryf net die vraagnommer (6.18) en die ontbrekende woord neer.

| | | |
|-------------|-----------------------|------------|
| respek vir; | dankbaarheid teenoor; | begrip vir |
|-------------|-----------------------|------------|

- Die verteller het ... Gouws gehad omdat Gouws hom nie deur sy moeilike lewe laat onderkry het nie. (1)
- 6.19 Skryf die volgende vier insidente onder mekaar oor in die VOLGORDE soos wat dit in die verhaal gebeur:
- Gouws het vir die verteller van sy lewe as padmaker vertel.
 - Die verteller het Gouws opgelaa.
 - Die verteller het Gouws naby sy huis afgelaa.
 - Gouws het langs die pad gestaan en gewys hy wou saamry. (4)
- 6.20 Ons kan sê dat die verteller in hierdie verhaal nie net aan homself gedink het nie
- Sê waarom hierdie stelling WAAR is. (1)

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

TEKS K

Maar niemand het dit gemerk nie. Dit was net kinders en hond en lemoene en skoene en pa en ma deurmekaar, 'n hele vyf minute lank.
 Toe ek by hulle verbyry, was hulle nog besig om die koffertjie se klere en die skoene en die los lemoene op te tel. Hulle het my nie gemerk nie. En al het hulle, sou dit nie saak gemaak het nie.

- 6.21 Hoekom kan ons sê dat hierdie deel van die kortverhaal so goed by die titel pas? (1)
- 6.22 Gee EEN rede waarom dit moeilik moes wees vir Gouws se vrou om die vrou van 'n padmaker te wees. (1)
- 6.23 Kies die inligting in KOLOM B wat by die plek in KOLOM A pas. Skryf net die vraagnommer (6.23.1 – 6.23.4) en die letter (A - E) neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|-------------------------|--|
| 6.23.1 'n Padkamp | A ... is waar Gouws besig was om 'n nuwe pad te maak. |
| 6.23.2 Skurweberg | B ... is waar die man se kinders vir hom gestaan en wag het. |
| 6.23.3 By die hek | C ... is waar die verteller die gesin gestaan en dophou het. |
| 6.23.4 Langs die spruit | D ... is waar die padmaker gebly het terwyl hy paaie gemaak het. |
| | E ... is waar die verteller vir Gouws opgelaaï het. |

(4 x 1) (4)

- 6.24 Die verteller kon nie glo dat Gouws nie by sy huis afgelaaï wou word nie. Waarom was hierdie reaksie van Gouws so vreemd vir die verteller? (1)
- 6.25 Waarom kan 'n mens sê dat Gouws 'n goeie rolmodel vir ander mense is? (1)
- 6.26 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (6.26) en die letter (A - D) neer.

Gouws wou hê sy tuiskoms moes 'n verrassing wees.
Watter les kan jy hieruit leer?

- A Dit is belangrik dat 'n man moet doen wat hy sê hy sal doen.
- B 'n Man moet dinge doen wat hy weet sy gesin gelukkig sal maak.
- C 'n Man wat ver werk, moet sy gesin laat weet wanneer hy huis toe kom.
- D Dit is belangrik dat 'n man moet weet van watter geskenke sy gesin sal hou. (1)

TOTAAL AFDELING D: [40]
GROOTTOTAAL: 120